



Nomades Voetslaan klub Nuusbrief Oktober 2013.

Hennops 6-8 September 2013

Nege Nomades Voetslaners kom Vrydag middag so stuk-stuk aan by die Hadede stapperskamp aan, net langs die plaashuis. Wilna Moolman; Marius Stander, Hans Lachman, Norma Grotius; Ester de Castro en Corrie van Rensburg; Koos Meintjies; Erika Barnard en Carolien Pienaar. Die afdraaipad se koordinaat vanaf die R511 is -25.797959, 27.991725, moet nie indraai by die Hennops 4x4 roetes of Hennops Pride karavaan



park nie, en die kamp se koordinaat is

-25.797863, 27.986757.

Daar is die ou plaashuisie wat eindelijk net twee kamertjies is wat elk 3 stapelbeddens het met 'n oop kombuisstoeple. Dan 'n bietjie nader aan die Hennops rivier is die rondawel ook met driestapelbeddens. Beide het 'n werkende yskassie, gasplaat, ketel, 'n paar panne/potte en elektriese ligte/proppe. Die twee dele is ver genoeg van mekaar dat twee groepe wel die terein sou kon deel. Die rondawel onder het ook sy eie lapa-afdakkie, tafel en braai.

Daar is 'n basiese maar netjiese ablusieblok

met lekker warm-gas-water bo by die parkeer terrein wat ook gedeel word deur die dagstappers.

Ons braai die aand op 'n oop-braai-area met 'n netjiese braai en kuier vuur area. Die bankies is egter maar hard en dit is dalk 'n opsie as daar plek in die motors is om op stappe maar jou eie sagter gerieflike troon saam te bring. Groot pret ook gehad met die plaas-hondjies wat heel aand by ons gekuier het en somer ernstig by Hans aangelê het. Anna-Marie het duidelik kompetesie.



Daar is twee staproetes op die terein. Krokodilberg Roete wat as 11.5km aangegee word en die Zebra roete wat as 6.5km aangegee word. Saterdag oggend sluit Susan en Darrin Flemming van Pretoria hulle by ons aan om die dagstap saam te stap.

Ons gaan deur die hekkie in die elektriese heining wat saans

gesluit word en die stap begin al langs die rivier. Lekker rustig in die koelte.

Ons sien die kabel-spoor waar ons vanmiddag met die terugkom oor die rivier sal gaan. Ons is redelik 'bang' gepraat die vorige aand oor die kondisie en suiwereheid van die rivier en sy water, dus is almal maar lugtig om nie te veel kontak met die water te hê tydens die kruisings later nie. Maar behalwe die reukie in die water bly die Hennops rivier heel mooi op die oog. Die Kabelkar bestaan uit twee knap



sitplekkies gemaak uit staal-raamstruktuur met katrolle wat op 'n stewige kabel per hand oor die rivier getrek word. As een persoon reeds oorkant die rivier is, sou die persoon jou ook kon help oor-katrol. 'n intresante rivierkruising.

Vir nou draai ons skerp links en loop al langs die rivier op in die rigting van die dag-piekniekterrein. Verby die dag besoekers piekniek terein en swembad area wat ons oorkant die rivier sien, en dan kry ons die grotte. Fantastiese rotsformasies en grotjies nadat ons afgegaan het met die buite-band-leer. Baie Foto's is hier geneem met mooi uitsigte oor die rivier en later die hangbrug.

Op, oor en af, oor die ietwat vervalde hangbrug en op met die koppie. dan kry jy Pruimpie se Gat. 'n groot plat grot waar die man (Pruimpie) blykbaar baie jare gelede groente en vleis

by sy 'landhere' 'geneem' het, maar altyd gaan vra/bedel het 'n 'n rook-dingetjie gebly het. Dan volg Kees se uitkykpunt, en die uitgestrekte koppie met sy vele aalwyne en vergesigte oor die vlakte daar-onder. Die Kragstasie en Hartbeespoortdam-nek is in die verte sigbaar. Dan 'n middagete stop by die ou kalkoond. Verby Houtkappershoek, dan 'n platterige stappie oor die vlakte tot by die hangbrug waar ons oor die rivier is. Lekker gesellig om die vuur gekuier, waar sommige van die dames hulle somer in japonne neervlei op die harde buite-bankies.



Sondag Oggend sluit Christo by ons aan om die dagstappe saam te stap. Somige van ons begin eers weer die dag met die gebruikelike eier-ontbyt. Dan so rondom 8:00 kruis ons weer die rivier op die kabelkar. Vandag versplinter die groep so ietwat. Christo maak sy hand seer op die kabel kar net toe hy wou oorgaan en Wilna moet hom eers versorg voordat hulle weer kan loop. Van die ander dames is ietwat haastiger en rus nie veel nie op die roete nie en enkele persone verkies om somer net rustig by die kamp te



kuier. Stap 'n entjie langs die rivier langs, oor die heining, in die wilds/4x4 kamp in, verby die 4x4-dag-kamp, Bosmakeriebos met sy mooi verfromelde boomstompe, verby ruïnes. Dan is dit eers Tee-tyd vir Marius en Hans. Stofie uit, en geniet somer net die veld en rustigheid terwyl die water kook.

So tussen 11 en 12 is almal terug by die kamp. Tee gemaak, gestort en nog 'n bietjie gekuier en almal is op pad terug huis toe. 'n lekker naby stappie aan Pretoria. Mooi natuur, maar dit kan maar warm word op die klip randjies.

Marius Stander
Nomades Voetslaanklub.

MariusStanderPTA@gmail.com
2013/10/01

Voetnota: As jy dalk jou vleis of drank vergeet het by die huis, daar is binne sowat 6 km 'n slaghuis en ander geriewe beskikbaar. Ons weet...

